



Vak: Graad 9 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal
2 - Eksamen 1
Totaal: 101 Punte

Naam: _____
Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1

Die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog op die Joodse bevolking van Europa

Na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Nazi's verskeie Europese lande met 'n groot bevolking van Joodse mense oorgeneem. Die Duitse weermag het honderde duisende Jode in massaslagtings tydens hierdie aanvalle doodgemaak.

In 1942 het die Nazi's hul 'Finale Oplossing' vir die 'Joodse probleem' bekendgestel. Dit was die massaslagting van Joodse mense in gebiede onder Nazi beheer, later bekend as die "Holocaust". 6 miljoen Jode en 5 miljoen mense uit 'minderwaardige' groepe het in die Holocaust gesterf.

Die Nazi's het uitwissings- en konsentrasiekampe gebou. Mense is per trein van die ghetto's na hierdie kampe vervoer, waar hulle gedwing is om slawearbeid te verrig (as hulle sterk genoeg was) of na gaskamers gestuur is waar hulle met giftige gas doodgemaak is en dan in verbrandingsoonde verbrand is.

Die Holocaust was een van die mees gruwelikste volksmoorde (georganiseerde massaslagting van 'n groep mense) van die 20ste Eeu.

Vraag 1: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die term "Holocaust" verwys na die Nazi's se massa uitwissing van ... in Europa.

- | | |
|----------|--------------|
| A | 'Ariërs' |
| B | Joodse mense |
| C | Stormtroepe |
| D | Amerikaners |



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 2, 3

Hierdie koerantberig se opskrif is: "Pole deur Duitsland gebombardeer en binnegedring. Warskou, Kraków, 9 ander dorpe gebombardeer: Danzig 'geannekseer'. Frankryk verklaar 'Staat van Beleg'.



Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Hierdie koerant is in die jaar ... gepubliseer.

Tik slegs die **jaar**.

--

Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n (1) hulpbron, want dit is tydens die (2) wat bestudeer word geskep.

Opsies is: sekondêre | primêre | ooggetuie | tydperk

1	
----------	--

2	
----------	--

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 4, 5

Linus Pauling, 'n prominente wetenskaplike, het Albert Einstein in 1954 ontmoet. Volgens hom het Einstein die volgende gesê:

"Ek het een groot fout in my lewe gemaak – toe ek die brief aan President Roosevelt geteken het wat aanbeveel dat atoombomme gemaak word, maar daar was bietjie regverdiging – die gevaar dat die Duitsers dit sou maak."

Vraag 4: Waar/Onwaar

2 punte

Albert Einstein was sterk ten gunste van die VSA se besluit om atoombomme op Japan te laat val.

WAAR

ONWAAR

Vraag 5: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Volgens Pauling, het Einstein beweer dat die vrees dat ... 'n kernbom sou bou 'n rede vir sy betrokkenheid by die Manhattan-projek was.

Tik slegs die **woord** wat die sin voltooi.



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 6, 7

Die Wit Roos-beweging

Die Wit Roos-beweging is deur universiteitstudente in München gestig. Die mees bekende lede was Sophie Scholl (ouderdom 21), haar broer Hans (ouderdom 24) en hul vriend Christoph Probst (ouderdom 22). Lede van die Wit Roos-beweging het in die geheim anti-Nazi en anti-oorlog pamflette gedruk en uitgedeel. Hul pamflette het vreedsame weerstand teen die Nazi's en Hitler se regering aangemoedig. In Februarie 1943 is Sophie, Hans en Christoph in hegtenis geneem nadat hulle pamflette by die Universiteit van München uitgedeel het. Al drie is skuldig bevind en onthoof.



Vraag 6: Waar/Onwaar

2 punte

Die leiers van die Wit Roos-beweging het die Nazi's teengestaan omdat hierdie leiers Jode was.

WAAR

ONWAAR

Vraag 7: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter Nazi-groep was betrokke by die in hegtenisneming van die Wit Roos-beweging se leiers?

- | | |
|----------|------------------|
| A | Partygangers |
| B | Gestapo |
| C | Hitler-jeuggroep |
| D | Stormtroepe |



Vraag 8: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter een van die volgende lyste gebeurtenisse is in chronologiese (tyd) volgorde?

- | | |
|----------|---|
| A | Hitler word kanselier; boikot van Jode se besighede; Nuremberg Wette; Jode na ghetto's vervoer |
| B | Hitler word kanselier; Jode na ghetto's vervoer; boikot van Jode se besighede, Nuremberg Wette |
| C | Jode na konsentrasiekampe vervoer; boikot van Jode se besighede; Hitler word kanselier; Jode na ghetto's vervoer; Nuremberg Wette |
| D | Nuremberg Wette; boikot van Jode se besighede; Jode na konsentrasiekampe gestuur |
-

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

3 punte

In gebiede waar die Nazi's in beheer was, is Joodse mense gedwing om 'n geel Ster van ... op hul klere te dra sodat hulle as Jode uitgeken kon word.

Gebruik slegs **een woord** om die sin te voltooi.

--



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 10

Hierdie is 'n foto van Nazi soldate tydens die München Putsch, toe Hitler en 600 van sy soldate geweld gebruik het om die Duitse regering in 1923 tot 'n val te probeer bring. Hitler is in hegtenis geneem en tot vyf jaar gevangenstraf gevonnis.



Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte


Hierdie foto is 'n sekondêre bron.

WAAR

ONWAAR

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 11, 12

Hierdie spotprent wys die aard van konflik tussen die VSA en die USSR tydens die Koue Oorlog. Die uithangborde op die bomme lees: "Mag om geen omstandighede gebruik word nie - want die vyand sal dalk terug baklei."



Vraag 11: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die bomme aan beide kante van die spotprent verteenwoordig ...wapens.

Tik slegs die **woord** wat die sin voltooi.

Vraag 12: Waar/Onwaar

2 punte

Die spotprenttekenaar stel voor dat beide lande wat by die Koue Oorlog betrokke was, 'n kernkonflik wou veroorsaak.

WAAR

ONWAAR

Vraag 13: Veelvuldige Keuse

4 punte

Na sy verkiesing het Hitler die ... ingestel wat hom totale beheer van Duitsland gegee het.

- | | |
|----------|------------------|
| A | Bemagtigingswet |
| B | Bevolkingswet |
| C | Magtigingswet |
| D | Ontmagtigingswet |

Vraag 14: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Mense wat toegekyk het en niks gedoen om die Nazi's en hul dade te keer nie was bekend as

Tik slegs die **woord** wat die sin voltooi.

--

Vraag 15: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Lugoorlogvoering was 'n belangrike aspek van die Tweede Wêreldoorlog, en het bomveldtogte van vegvliegtuie ingesluit.

Die Britse lugmag was bekend as die (1) en die Duitse lugmag was bekend as die (2) .

Opsies Is: Luftwaffe | Koninklike Lugmag | Gestapo | Koning se Weermag

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 16: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die negatiewe impak van die ... op Duitsland se ekonomie het die Nazi-party se gewildheid vermeerder.

Gebuik **twee woorde** om die sin te voltooi.

--



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 17, 18, 19

Hierdie is 'n verslag deur 'n vrou bekend as Lori. Dit is op 'n webwerf geplaas wat opgestel is om mense se ervarings van die kernoorlog tydens die Koue Oorlog vas te vang.

*"Ek onthou atoomoefeninge waar ek en my klasmaats teen die muur gehurk het met ons arms oor ons koppe. Ek het met 'n diep vrees gelewe en het geglo dat ek nie my 30^{ste} verjaarsdag sou sien nie... Ek het verskriklike nagmerries oor die einde van die wêreld ervaar. Na die einde van die Koue Oorlog het daardie vrees amper verdwyn. Ek het 'n televisieprogram saam met my kind, wat nou veertien is, gekyk. Alles het teruggekom... die geheue van die vrees, die sekerheid van die dood aan die hande van ons **regering**... hoe bang 'n hele generasie was, hoe ons onder 'n sampioenwolk gebly het met geen kans om te ontsnap nie."*

Vraag 17: Waar/Onwaar

2 punte

Hierdie hulpbron is tydens die Koue Oorlog geskep.

WAAR

ONWAAR

Vraag 18: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Hierdie hulpbron is (1) vir historici, want dit is 'n (2) verslag wat 'n gewone burger se vrees van 'n kern-holocaust uitbeeld.

Opsies is: bevooroordeeld | nuttig | eerstehandse | tweedehandse

1

2

Vraag 19: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die vrou in hierdie hulpbron verwys na vrees van die dood as gevolg van die **regerings** se daade.

Die twee lande waarna sy verwys is

- | | |
|----------|-------------------------|
| A | die VSA en China |
| B | die USSR en die VSA |
| C | die USSR en Suid-Afrika |
| D | Japan en die VSA |



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 20, 21, 22

Uittreksel uit 'n brief wat Niels Bohr, een van die wetenskaplikes wat by die Manhattan-projek betrokke was, aan Amerikaanse President Roosevelt op 3 Julie 1944 geskryf het.

" 'n Wapen van ongekende mag word geskep wat alle toekomstige oorlogstoestande heeltemal sal verander. Tensy 'n ooreenkoms oor die beheer van die gebruik van hierdie nuwe wapen opgestel word, sal enige tydelike voordeel dalk deur 'n blywende bedreiging tot menslike veiligheid oortref word."

Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Bohr het hierdie brief geskryf omdat hy bekommerd was dat die wapen wat hulle besig was om te ontwikkel 'n bedreiging vir (1) kon wees as gevolg van die skade wat die wapen kon veroorsaak. Daarom het hy geglo dat (2) vir die gebruik van die wapen geskep moes word.

Opsies is: kapitalisme | die mensdom | riglyne | verspreiding

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Hierdie brief is na die atoombomaanvalle op Hiroshima en Nagasaki geskryf.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------

Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die wapen waarna Bohr in hierdie hulpbron verwys is 'n ...-bom.

Tik slegs die **woord** wat die sin voltooi.

--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23, 24

In 1935 het Hitler die Neurenberg wette ingestel. Dit het die volgende beteken:

- Jode was nie meer burgers van Duitsland nie
- Dit was onwettig vir Jode om met Duitse burgers te trou
- Dit was onwettig vir Jode om seks met Duitse burgers te hê
- Jode was nie toegelaat om Duitsers as huiswerkers in diens te neem nie
- Jode was nie toegelaat om Duitse vlae te vertoon nie

Mense met een of meer Joodse grootouer(s) was as Jode geklassifiseer
Tussen 1935 - 37 was 400 nuwe wette teen Jode ingestel.

Vraag 23: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die Neurenberg Wette het elke aspek van ... mense se lewens beperk.

Gebruik slegs **een woord** om die vraag te beantwoord.

Vraag 24: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter een van die volgende wette is daarop gemik om Jode se gevoel van Duitse nasionale trots weg te neem?

- | | |
|----------|--|
| A | Onwettig vir Jode om met Duitse burgers te trou. |
| B | Onwettig vir Jode om seksuele omgang met Duitse burgers te hê. |
| C | Jode mag nie Duitsers as huishoudelike hulp in diens neem nie. |
| D | Jode mag nie die Duitse vlag vertoon nie. |

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 25, 26

Hierdie is 'n foto van drie Partygangers wat weens hul weerstand teen die Nazi's in hegtenis geneem is. Die Partygangers was Jode wat uit die ghetto's en konsentrasiekampe ontsnap en ondergrondse weerstandbewegings gevorm het. Die foto wys hulle net voor hul teregstelling in 1941. Die vrou is gedwing om 'n uithangbord vas te hou. Dit lees: "Ons is Partygangers wat op Duitse soldate geskiet het."



Vraag 25: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die Partygangers se weerstand is 'n voorbeeld van die gebruik van (1) om die (2) teen te staan.

Opsies Is: wapens | Nazi's | propaganda | Britte

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 26: Voltooi Die Ontbrekende

2 punte

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n (1) hulpbron, want dit is tydens die Tweede Wêreldoorlog geneem.

Opsies Is: sekondêre | primêre | tersiêre | geskrewe

1	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 27, 28



Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Ondersteuning vir die Nazi-party het na 1929 toegeneem en teen 1932 was dit die grootste party in Duitsland. Hitler het saam met ander politieke partye gewerk om 'n meederheid te verkry en is uiteindelik in Januarie 1933 as (1) aangestel. Na die (2) se afsterwe het Hitler die ampte van die kanselier en die president verenig, wat hom die hoogste leier van Duitsland gemaak het. Hy het die titel van (3) in (4) aangeneem.

Opsies Is: president | kanselier | Führer | 1923 | 1934

1	
3	

2	
4	

Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Hitler het aangedring dat Nazi soldate hul (1) met hul hand op die Nazi (2) (soos in die foto aan die regterkant) aan hom belooft om te sorg dat hy totale (3) van die gewapende magte gehad het.

Opsies Is: lojaliteit | beheer | vlag | soldate

1	
3	

2	
----------	--



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 29, 30

Die Totstandkoming van Nazi Duitsland 1933 - 1938

Na Hitler se aanstelling as die Duitse kanselier in 1933, het die Nazi-staat (ook bekend as die Derde Reich) vinnig mense se basiese regte begin wegvat. Dit het die einde van Duitsland se demokrasie beteken. In 1933 het die Nazi's die eerste konsentrasiekampe gestig, waar hulle politieke teenstanders, Jode, homoseksuele mense, Jehovah Getuies en ander 'gevaarlike' mense gevangene gehou het. Hulle het propaganda gebruik om die Nazi-party se rassistiese doeleindes en ideale deur alle lewensaspekte soos sport, skole en die media, te versprei. Gedurende die eerste ses jaar van Hitler se diktatorskap het Duitse Jode die effekte gevoel van meer as 400 reëls wat alle aspekte van hul publieke en persoonlike lewens beheer het.

Vraag 29: Waar/Onwaar

2 punte

Die Duitse publiek het gestem vir die reëls wat voorgestel was om die regte van Joodse mense te beperk.

WAAR

ONWAAR

Vraag 30: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Enige persoon wat die Nazi's as 'gevaarlik' beskou het is uit die samelewing verwyder en in ... geplaas.

Gebruik slegs **een woord** om die vraag te beantwoord.

Totaal: 101 Punte

